

# Saadgedraagde aalwurms onder die vergrootglas

**SONIA STEENKAMP**, LNR-Instituut vir Graangewasse, **SURIA BEKKER**, Eco-Nemaria en **DRIEKIE FOURIE**, Noordwes-Universiteit

**P**lantparasitiese aalwurms is mikroskopiese klein diertjies wat die wortels en ander ondergrondse gedeeltes – en in uitsonderlike gevalle die bogrondse gedeeltes – van 'n gasheerplant sal aanval. Natuurlik beteken dit dat saad wat ondergronds ontwikkel, soos byvoorbeeld aartappels en grondbone, ook aangeval word.

Gelukkig is daar net sekere gewasse wat hul daartoe leen om hierdie onwelkome passasiers rond te dra. Behalwe vir sekere grasgewasse word die ander gewasse wat hul saad bo die grond vorm, gevrywaar van hierdie saadgedraagde aalwurms.

Wees egter versigtig vir die volgende gewasse wat wel hierdie aalwurms van die een land na 'n ander kan oordra:

## Grondbone

Grondbone is een van die gewasse wat die rooi ligte laat flikker in terme van aalwurmverspreiding. Omdat die saad onder die grond gevorm word, stel dit aalwurms wat deur die dop tot in die saad kan beweeg, in staat om hulself net daar tuis te maak. Tot dusver is alreeds drie verskillende aalwurm-groepe geïdentifiseer wat in

Suid-Afrika deur grondboonsaad oorgedra kan word, waarvan die peulaalwurm seker die grootste probleem is.

## Grondboonpeulaalwurm (*Ditylenchus africanus*)

Navorsing op die grondboonpeulaalwurm is deur dr Sonia Steenkamp van die LNR-Instituut vir Graangewasse (LNR-IGG) gedoen, asook deur wyle prof Alex McDonald en dr Cheryl Venter wat voorheen by dieselfde instituut gewerk het.

Grondboonpeulaalwurm het menige produsent al baie skade berokken. Peulaalwurms kom letterlik oral in die grondboonproduksiegebied voor en kan, waar daar ook al grondbone geplant word, sy verskyning maak.

Hierdie aalwurm dring die grondbone by die aanhegtingspunt tussen die peul en die anker binne (**Foto 1**), waarna dit met die vaatweefsel in die dop afbeweeg tot in die saad (**Foto 2**). Skade wat deur hierdie aalwurm aangerig word, is baie groot. Indien die aalwurm die peul by die aanhegtingspunt indring, verswak die aanhegtingspunt.



- ◀ 1: Skade wat by die aanhegtingspunt van die peul en anker deur peulaalwurm aangerig is.
- ◀ 2: Die wit "rafeltjies" in hierdie grondboonsaad is peulaalwurm wat vanaf die vaatweefsel in die dop tot in die saad inbeweeg het en nou tussen die lobbe lê.
- ▲ 3: Peulaalwurm-besmette saad verdonker (regs) en lyk bruiner as onbesmette saad (links).
- ▲ 4: Een van die tekens van peulaalwurm-besmetting is dat die saad voortydig uitloop.
- ▼ 5: Skadesimptome van *Robustodorus*, die aalwurm wat pas op grondbone geïdentifiseer is (regs) teenoor onbesmette saad (links).

